FORUM BOTANICUM

vol. 17, No. 1

February
Februarie 1979

NEWS-LETTER OF THE SOUTH AFRICAN ASSOCIATION OF BOTANISTS
NUUSBRIEF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GENOOTSKAP VAN PLANTKUNDIGES

XIII INTERNATIONAL BOTANICAL CONGRESS: This is a reminder about the next Congress which is to be held in Sydney, Australia from 21 - 28 August 1981. The Congress will be divided into 12 programme sections covering the following aspects of botany: molecular, metabolic, cellular and structural, developmental, environment, community, genetic, systematic and evolutionary, fungal, aquatic, historical and applied. There will be plenary sessions, sectional and intersectional symposia and sessions for submitted contributions (papers and posters).

Pre and post Congress field trips will be arranged to examine parts of the unique flora of Australia, including arid and semi-arid regions, eucalypt forest, rain forest, heath, coastal vegetation (e.g. Great Barrier Reef, mangroves) etc. There will also be some detailed local trips near Sydney and specialist trips in algology, bryology, etc.

Please send your name and address on a postcard to 13th International Botanical Congress, University of Sydney, N.S.W. 2006, Australia, so as to receive the first circular if you are planning to attend.

JAARVERSLAG VAN DIE PRESIDENT: Jaarverslag vir die periode Februarie 1978 - Januarie 1979 en 'n terugblik oor die afgelope 10 jaar se bedrywighede.

Die stigtingsvergadering van die S A G P is op die 2e September 1968 in die Biologiesaal van die Universiteit van die Oranje Vrystaat in Bloemfontein gehou. Daar was 47 aanwesiges terwyl 5 ander belangstellendes verskoning in hul afwesigheid laat aanteken het. Dr. B. de Winter en prof. H.P. van der Schijff was grootliks verantwoordelik vir die reëling van die byeenkoms. Nadat prof. van der Schijff die vergadering geopen het en prof. E. van Zinderen Bakker die aanwesiges verwelkom het, is dr. L E Codd as voorsitter en dr. J J P van Wyk as sekretaris vir die duur van die vergadering verkies.

Op die vergadering is 'n Tussentydse Reëlingskomitee bestaande uit dr. L E Codd (voorsitter), dr. B. de Winter (sekretaris) en proff. P J Botha, P Jordaan, W J Lutjeharms, H B Rycroft, H P van der Schijff, dr. J J P van Wyk en prof. E M van Zinderen Bakker verkies om o.a. 'n grondwet vir die S A G P op te stel. Die eerste Raad is in Julie 1969 by die Universiteit van Natal, Pietermaritzburg saamgestel. Die samestelling van hierdie Raad en al die daaropvolgende S A G P rade word in Bylaag I van hierdie verslag vermeld. Van die persone wat op die Rade gedien het, is dit net drr. B de Winter en A F M G Jacot-Guillarmod wat op al die Rade gedien het. dr. de Winter het boonop ook op die Tussentydse Reëlingskomitee gedien wat die eerste Raad voorafgegaan het.

Aanvanklik het die S A G P saam met die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap in Junie/Julie van elke jaar vergader. Sedert 1976 hou die S A G P egter onafhanklik van die S A G B W se kongresse en Algemene Jaarvergaderings en wel aan die einde van Januarie van elke jaar.

Ledetal: Die ledetal van die S A G P het, van die 47 persone wat die stigtingsvergadering bygewoon het, as volg oor die jare gegroei:-

JAAR	TOTAAL	NETTO TOENAME
Jun./Jul. 1969	77	30
Jun./Jul. 1970	126	49
Jun./Jul. 1971	147	21
Jun./Jul. 1972	177	30
Jun./Jul. 1973	200	23
Jun./Jul. 1974	221	21
Jun./Jul. 1975	230	9

vervolg / ...

/vervolg

JAAR	TOTAAL	NETTO TOENAME
Januarie 1976	260	30
Januarie 1977	275	15*
Januarie 1978	315	40
Januarie 1979	355	40
*Daar is hierdie jaar 12 lede geskors as gevolg van agterstallige lidmaatskapsfooie		

Die huidige lidmaatskap bestaan uit die volgende:-

1.	ERELEDE: Prof. R H Compton, Dr. T. Norlindh (Swede), Prof. G F Papenfuss (VSA), Dr. E. Plumstead, Dr. I.C. Verdoorn en Dr. H. Weimarck (Swede)	6	(0*)
2.	LEWENSLEDE:.....	10	(0*)
3.	GEWONE LEDE:.....	304	(28*)
4.	AFFILIATE plus GEGRADUEERDE LEDE.....	18	(6*)
5.	STUDENTELEDE:.....	7	(8*)
6.	INSTITUUTSLEDE: Missouri Bot. Tuine (VSA); Nas. Bot. Tuine van S.A.; Nav. Inst. vir Plantk.; Rhodes Univ.; Univ. van Port Elizabeth; Univ. van Pretoria; Univ. van Rhodesië en Univ. van Stellenbosch	10	(0)
	Totaal	355	42

*Toename tydens afgelope jaar. Daar was egter een bedanking in dieselfde tyd.

Sekere aspekte van ons lidmaatskap regverdig kommentaar. In die eerste plek is dit verblydend dat die totale ledetal sedert die stigting van die Genootskap 'n taamlike bestendige groei ondervind. Die getal erelede het aanvanklik vinnig toegeneem en in 1974 sy hoogtepunt bereik toe daar 9 erelede geregistreer was. Sedertdien is niemand weer deur die toekenning van 'n erelidmaatskap deur die S A G P vereer nie. Afgesien van die huidige erelede, het die volgende erelede ons met verloop van tyd deur die dood ontval: Dr. L Bolus, dr. M G A Henrici, dr M R B Levyns, dr M A Pocock en prof. H G W J Schweikerdt.

Die Instituutsledetal het aanvanklik ook mooi gegroei. In 1970 is die eerste vier lede gewerf naamlik African Explosives and Chemical Industries, Nasionale Botaniese Tuine van Suid-Afrika, Navorsingsinstituut van Plantkunde en die Universiteit van Pretoria. Teen 1974

het dit die rekordgetal van 12 bereik. Sedertdien het ons twee verloor en nie 'n enkele een bygekry nie; hoofsaaklik omdat ons nie gedurende die afgelope paar jaar hierdie belangrike saak die aandag gegee het wat dit verdien nie. Daar bestaan myns insiens byvoorbeeld geen bevredigende rede waarom net 6 van die 14 universiteite binne die Republiek van Suid-Afrika Instituutslede is nie.

Streekstakke: Die eerste Streekstak is reeds in 1969 in die Oostelike Kaapprovinsie gestig. Aan die begin van 1970 is die stigting van 'n streekstak in die S. W. Kaapprovinsie goedgekeur. Teen die middel van 1970 is die Noord-Transvaalse Tak aanvaar, terwyl die Oranje-Vrystaatse Streektak 'n jaar later, in die middel van 1971, amptelike erkenning verleen is. Natal en Suid-Transvaal het nog nie tot die stigting van 'n streekstak oorgegaan nie en dit is waarskynlik ook 'n saak wat met groter doelgerigtheid in die toekoms bearbei moet word.

Die ledetal van die vier streekstakke is tans as volg:-

Oostelike Kaapprovinsie	30 lede
S.W. Kaapprovinsie	81 lede
Oranje-Vrystaat	30 lede
Noord-Transvaal	144 lede
Totaal ..	285 lede

Die Natal- en Suid-Transvaalgebiede moet dus saam 'n tuiste aan 70 lede bied.

When one pages through the minutes of the meetings that were held during the past 10 years, it is obvious that certain topics have been under consideration by Council for almost as long as S A A B has been in existence. In some of these cases, such as our desire to have a truly national journal of high standard, our lack of progress in achieving a satisfactory solution is disheartening and self-indicting. On the other hand, one could argue that our continual pre-occupation with the image and standard of botany in South Africa represents a healthy past time, for as long as we aspire to attain the ultimate in excellence, we will be involved in a never-ending and meritorious task. We must, however, be careful not to become too despondent at times and beware of criticism that borders on ridicule for such action might well defeat a noble motive and alienate groups within our small community.

The minutes of the Council Meeting that was held on July 9th, 1971, contain the first reference to S A A B's aspiration to have a national journal. It states: "Prof. Botha stel voor dat die S A G P gebruik moet maak van die Journal of South African Botany as offisiële orgaan vir publikasies. Prof. Rycroft verwelkom hierdie voorstel".

The committee that had to investigate the feasibility of this proposal duly reported back on February 5th, 1972, and according to the minutes, Prof. Rycroft reported that although his Board of Trustees was quite prepared to print on the title page something to the effect that the journal is the official journal of S A A B, "many problems could, however, arise such as SAAB then being partly responsible for the cost of producing the journal (R4 500 p.a.!)".

Apparently Council did not even enquire into the size of its possible financial involvement on receipt of this news but promptly changed the subject of its deliberations!

The present deliberations concerning the establishment of a national journal of botany has been going on almost uninterruptedly since 1974. During the past two years your Council devoted a lot of time to the topic in order to reach finality.

At long last I can report that we have apparently explored all the avenues and one of two possibilities exist. Either we accept the status quo or we launch a new journal (South African Journal of Botany) in competition with the existing botanical journals. In the latter case, the Bureau for Scientific Publications will take care of the printing side of the work but we as an Association will have to find one or more persons who will be willing to do the editing of the journal on an honorary basis or for a token honorarium.

Council has repeatedly rejected the status quo and I trust that we will yet find suitably devoted members that will be willing to undertake the editorship as a service to the botanical community.

Despite herculean efforts by a committee under the chairmanship of Prof. van der Schijff during 1971 and 1972 to alleviate the regulations governing the collection of plants by professional botanists, this and other matters which concern our country's nature conservation departments have regularly featured in the deliberations of S A A B. In an attempt to get to grips with these problems, we have now reached the stage where we have three committees which are supposed to deal with the various bones of contention but progress still appears to elude us.

For this reason it was decided to get all the relevant committee members together during the present Congress in an attempt to re-establish the identity of our problems and to re-organise the modus operandi of our crusade!

Needless to say, we are dealing with some difficult issues which must be tackled in a responsible way if we are to retain the respect and co-operation of the various nature conservation authorities.

Although the origin of Forum Botanicum is not documented in the annals of our Association, it preceded S A A B. In the early days of S A A B the newsletter was produced and distributed for S A A B by our good friends at Kirstenbosch. The University of Stellenbosch subsequently made certain facilities available for the production of the newsletter. At present this is taken care of by the Botanical Research Institute in Pretoria and the University of Pretoria.

The original editors were Dr. Jessop and Mr. Oliver. After Jessop, Mrs. Enid du Plessis and Mr. Oliver carried on the good work for several years. For the past several years Miss Mienkie Welman has taken over from Mrs. Enid du Plessis in an able way.

As you have probably all noticed, the appearance of Forum Botanicum has become less frequent during the past few years. In fact Forum did not appear at all between April and December 1978. Surely this should be a matter of grave concern, and ways and means should be sought to rectify the position.

Our ecology colleagues have recently been active in identifying trouble spots. As a consequence, several committees were set up by Council to deal with these matters. One committee was to look into all aspects of the training of plant ecologists and to suggest ways and means of improving the present situation. Another one which was created jointly by S A A B and the Grassland Society of Southern Africa concerns the creation of a National Data Bank on Natural Resources.

Although not exclusively an ecological matter, some of our ecology colleagues also undertook to write an inspiring and informative brochure on botany as a career in South Africa and to devise eye-catching posters to bolster the image of botany.

By a strange coincidence, so many of our leading ecologists did, however,

opt to go abroad on study leave for most of 1978 so that all the above projects had to be virtually suspended for a year for lack of suitably qualified brain power to carry the ball!

We trust that the bontanical community of South Africa will benefit substantially from the sojourns of Professors Downing and Walker as well as Drs. Edwards, Moll and Theron when they resume their normal duties.

As in the case with many New Year's resolutions, several of the early decisions that were taken by Council have never been implemented. Thus, I noticed that during a Council meeting in January 1970 it was decided that "the editors of Forum will be invited to participate in Council meetings, even if not elected to Council". This decision was not implemented consistently since that date.

During a Council meeting that was held in February 1972, it was decided that membership certificates will in future be given to all new members and that all members will eventually receive such certificates". All that I can say is that I still have not received mine!

According to the By-laws of our Constitution (see 6.4), "copies of the minutes of all proceedings of Regional Sections shall be submitted to Council in compliance with Article 3.14 of the Constitution of the Association". I doubt whether any of our Regional Sections ever complied with this stipulation.

Ten einde inspirasie vir die toekoms te vind moet 'n mens jou soms in jou eie prestasies verlustig en daarom is dit goed om vlugtig na daar-die fasette van die S A G P se bedrywighede te kyk wat as afgehandel beskou kan word en ons blymoedig stem.

In 1971 het ons kans gehad om ons jong stemmetjie dik te maak toe sekere mense 'n snelweg oor en deur die Kirstenbosch Tuine wou bou. Ek dink ons was self verbaas oor die uitslag!

Die inskakeling van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plantfisiologie by die S A G P in 1972 was myns insiens 'n blye en positiewe stap. Alhoewel baie van die plantfisioloë teen die stap gekant was, vertrou ek dat die S A G P op die steun van alle plantkundiges in Suid-Afrika kan reken.

Tydens 1974 het ons deur die South African Flora Foundation die bloei-wyse van Protea cynaroides L. as die nasionale blom van Suid-Afrika laat verklaar. Die Raad het destyds seker gedink dat as boere blomme kan plant, hulle 'n bloeiwyse 'n blom kan noem!

'n Baie suksesvolle kort kursus is onder die vaandel van die S A G P oor die Braun-Blanquet metode en 'n ander een oor die klassifisering van grondsoorte aangebied. Prof. E.A.C.L.E. Schelpe en sy medewerkers sal onmiddellik na afloop van die huidige kongres 'n kort kursus oor die Pteridophyta by die Universiteit van Kaapstad aanbied en ons weet by voorbaat dat dit 'n baie groot sukses sal wees.

Gedurende 1975 het sy edele die Minister van Landbou 'n Advieskomitee oor Plantkundige Navorsing in die lewe geroep. Die S A G P is versoek om 12 persone te nomineer om op die komitee te dien en die Minister het later 6 van die 12 persone vir drie jaar aangestel. Die hele komitee is vanaf 1978 vir 'n verdere termyn van drie jaar heraangestel. Die komitee is soos volg saamgestel:-

Departement van Landbou Tegniese Dienste:	Dr. B de Winter (voorsitter) Dr. D J B Killick Dr. D Edwards
Departement van Bosbou:-	Dr. H A Lückhoff
Nasionale Botaniese Tuine van Suid-Afrika:-	Dr. H B Rycroft
Raad van Kuratore vir Nasionale Parke:-	Mnr. P van Wyk
Interprovinsiale Natuurbewaringskomitee:-	Mnr. P le Roux
S.A. Genootskap van Plantkundiges:-	Prof. C F Cresswell Prof. N Grobbelaar Prof. O A M Lewis Prof. M C Papendorf Prof. E A C L E Schelpe Prof. H P van der Schijff

Hierdie komitee is besig om 'n reeks omvattende voorstelle aan die Minister van Landbou voor te lê. Indien sekere voorstelle aanvaar word, sal die werksgeleenthede van veral plantfisoloë aansienlik verbeter en behoort plantfisiologie baie sterker in die Departement van Landbou Tegniese Dienste se navorsingsbelied as 'n eenheid te figureer.

Tydens 1977 is die Beachwood Manglietmoeras digby Durban op aanbeveling van die S A G P as 'n Natuurtuin verklaar en staan dit tans onder die beheer van die Natalse Parkeraad wat baie aandag aan die gebied skenk.

Die Pretoriase Nasionale Botaniese Tuin in Brummeria wat deel vorm van die Navorsingsinstituut van Plantkunde van die Departement van Landbou Tegniese Dienste sal waarskynlik binne enkele maande as 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar word. Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en alle ander betrokke organisasies het reeds hul goedkeuring aan hierdie versoek verleen.

In 1973 is die Suid-Afrikaanse Medalje vir Plantkunde aan dr. R A Dyer toegeken. In die daaropvolgende jaar is dit aan prof. E M van Zinderen Bakker toegeken terwyl dit in 1977 aan mnr. J P H Acocks toegeken is. Tydens 1977 is addisionele medaljes en 'n sertifikaat van verdienstelikheid ingestel. Die S A G P Junior Medalje vir Plantkunde is in 1978 aan dr. A J Tew toegeken. Tydens die huidige kongres sal die Suid-Afrikaanse Medalje vir Plantkunde aan dr. L E Codd en die sertifikaat vir verdienstelikheid aan mnr. H J W Giess toegeken word.

'n Gids wat handel oor hoe om 'n S A G P kongres te organiseer is deur prof. J N Eloff en dr. D Edwards opgestel en in konsepvorm aan die Raad voorgelê vir goedkeuring.

'n Raadskomitee onder leiding van prof. A Eicker het die S A G P Grondwet hersien en laat druk en u het seker al 'n eksemplaar daarvan ontvang. In die toekoms sal elke nuwe lid hopelik saam met sy verwelkomingsbrief van 'n eksemplaar van die Grondwet voorsien word.

Die Gemeenskaplike Raad van Natuurwetenskaplike Verenigings waarmee die S A G P ge-affilieer is, het die Konsepwet vir die Registrering van Wetenskaplikes gefinaliseer en aan die betrokke Minister besorg vir loodsing deur die Volksraad.

'n Nuwe ledelys is opgestel en aan alle lede gestuur. Die lys sal in die vervolg hopelik al om die ander jaar in 'n hersiene vorm uitgestuur word.

Die S A G P het gedurende die afgelope jaar lid geword van die Habitatraad en soos u in die jongste uitgawe van Forum Botanicum kon gelees het, word lede versoek om deur die S A G P omgewingsprobleme onder die Habitatraad se aandag te bring.

Die S A G P het in samewerking met die Departement Landbou Tegniese Dienste A E T F A T genooi om sy volgende byeenkoms wat normaalweg in 1982 sal plaasvind in Suid-Afrika te hou. Die aanbod is aanvaar en daar is alreeds 'n klein reëlingskomitee deur die S A G P aangewys.

Die South African Journal of Science het heelwat prominensie aan die 1978 S A G P Kongresverrigtinge verleen deur 'n verslag wat ons aan hulle voorsien het te publiseer. Hopelik sal ons in die toekoms gereeld op hierdie tipe publisiteit kan staatmaak.

Prof. T T Kozlowski van die V S A het aanvanklik ingestem om die huidige Kongres as ons gas met die geldelike ondersteuning van die W N N R en verskillende universiteite by te woon. Weens liggaamlike ongesteldheid was hy egter verplig om op 'n laat stadium die besoek te kanselleer. Pogings om op kort kennisgewing dr. L Fowden van Engeland en later prof. R H Whittaker van die V S A by die Kongres as gassprekers te betrek, was ongelukkig ook onsuksesvol.

Aanvanklik is die hele Raad vir net een jaar op 'n keer aangestel en die lede van die Dagbestuur het nie noodwendig naby mekaar gewoon nie. Onder die aanvoering van veral prof. Lewis, die destydse President, is die grondwet sodanig gewysig dat sedert die einde van 1976 die President, Sekretaris en Tesourier deur middel van 'n blok-nominasie vir 'n termyn van twee jaar genomineer en verkies word.

Nadat ons Fondsinsamelingskomitee vir 'n jaar of meer diep oor die saak nagedink het, het hulle nou op 'n sprankelende wyse tot aksie oorgegaan. Tydens die huidige Kongres sal nie minder as 14 kunste-naars werke van 'n plantkundige aard uitstal nie. Die werke sal te koop aangebied word en 'n gedeelte van die geld wat op dié wyse gein sal word, sal aan die S A G P geskenk word.

Vergaderings en hul bywoning: Gedurende die afgelope jaar is die volgende vergaderings gehou.

Soort vergadering	Plek (Univ.)	Datum	Aantal lede		Verteenwoordig deur plaasvervangers
			Teenwoordig	Afwesig	
Raad	O V S	1978-01-26	11	4	1
Dagbestuur	Pta	1978-03-13	5	1	0
Raad	Pta	1978-04-29	8	7	2
Dagbestuur	Pta	1978-06-30	4	2	0
Raad	Pta	1978-08-26	11	4	0
Dagbestuur	Pta	1978-11-06	4	2	1
Raad	Stel.	1979-01-24	14	1	1

Nuwe Raad:-

PRESIDENT:	Prof. J N Eloff (Verteenw. O V S)
SEKRETARIS:	Dr. P Keulder
TESOURIER:	Dr. H Venter
UITGETREDE PRESIDENT:	Prof. N Grobbelaar

/vervolg

Nuwe Raad:-

Gewone lede*:

(a) In hul tweede diensjaar

Prof. G Bate (S. Tvl verteenw.)
Mnr C Boucher
Dr. B de Winter (N. Tvl verteenw.)
Dr. A F M G Jacot-Guillarmod (O. Kaap verteenw.)
Prof. T Steinke (Natal verteenw.)
Prof. J J A van der Walt (S.W. Kaap verteenw.)

(b) In hul eerste diensjaar (nuwe lede of herkiesde lede)

Prof. C F Cresswell
Dr. D Edwards
Mnr E G H Oliver
Prof. R N Pienaar
Prof. J G C Small

*Twee vise-Presidente moet nog deur die Raad uit eie geledere aangewys word.

Uitgetrede lede:

Prof. B H Downing
Prof. A Eicker
Dr. E J Moll
Prof. S C Seagrief
Mej. M. Welman

Dit is nou die tweede keer dat 'n Raad deur middel van 'n bloknominasie vir die President - Sekretaris - Tesourier verkies is. In albei gevalle was daar net een bloknominasie ontvang. Alhoewel dit sekere voordele inhou, neig dit om die indruk te skep dat daar nie baie entoesiasme vir so 'n belangrike nominasie bestaan nie. Dit is verder teleurstellend dat slegs 44% van alle stemgeregtigde lede van die voorreg gebruik gemaak het om vyf nuwe raadslede te kies.

Bedankings: Dit was besonder aangenaam om met so 'n opgewekte en blymoedige Raad saam te werk en hier dink ek veral aan (a) Mej. Mienkie Welman wat as sekretaresse onverbeterlike diens gelewer het;
(b) Prof. Albert Eicker wat, soos ons hom oor die jare leer ken het, op sy stil wyse sy werk pligsgetrou doen. Ons is veral verheug dat

hy so mooi na sy ernstige siekte herstel het; (c) Dr. Bernard de Winter wat, nieteenstaande 'n druk program, altyd bereid is om te help met beide raad en daad; en (d) die plaaslike Kongresreëlingskomitee onder aanvoering van Prof. J J A van der Walt en Dr. O T de Villiers wat 'n reuse taak op 'n besonder doeltreffende wyse deurgevoer het.

Aan die uittredende lede wat ek nie reeds genoem het nie wil ek dankie sê vir die diens wat hulle aan die S A G P as Raadslede gelewer het en die vertroue uitspreek dat ons in die toekoms nog baie op hul ondersteuning sal kan staatmaak. (Professor Nathanaël Grobbelaar, Ere-President: S A G P)

EDITORS/REDAKSIE

Mr. E G H Oliver
Miss M. Welman

CORRESPONDENCE/KORRESPONDENSIE

The Editors
Forum Botanicum
Botanical Research Institute
Private Bag X101
PRETORIA
0001